higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N650**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6

(4090516)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

tradisionele teorie; menslikehulpbronteorie; menslikehulpbrongebruiksteorie

1.1.1 Die landbouers is altyd van mening dat hulle werkers dit verkies om besluite op iemand anders af te skuif.

1.1.2 Die landbouer is van mening dat werkers slegs in sy/haar geld belangstel en doen gevolglik slegs die minimum. ℘

1.1.3 Die landbouer glo dat die werkers daarvan hou om alleen gelaat te word sodat hulle hul vermoëns kan bewys.

1.1.4 Die landbouer is daarvan oortuig dat die werkers daartoe in staat is om vir hulself te besluit of 'n taak sleg of goed uitgevoer is.

1.1.5 Die landbouer glo dat die werkers daarvan hou om ingelig te wees oor wat op die plaas aangaan en wat die toekomsplanne is.

(5 × 1) (5)

1.2 Die take van menslikehulpbronbestuurpersoneel in die landbou verskil effens van menslikehulpbronbestuurpersoneel in ander bedrywe.
℘
Maak 'n lys van DRIE hooftake van 'n menslikehulpbronbestuurderpraktisyn in die landbou. (3)

1.3 Stel VYF besonderhede voor wat landbouers op die salarisstrokies van hul werknemers kan insluit, soos deur die wet bepaal. (5)

1.4 Vergoeding is wesentlik vir plaaswerkers en dit laat hulle meer moeite doen tydens die produksieproses.

1.4.1 Verduidelik, met behulp van 'n voorbeeld die term *sekondêre vergoeding*. ℘ (3)

1.4.2 Noem VIER voordele van tydkoerse as 'n manier om vergoeding vas te stel. (4)

1.4.3 Bespreek VIER van die belangrikste voordele van indirekte primêre vergoeding. ℘ (4 × 2) (8)

1.4.4 Gee raad aan 'n landbouer oor die faktore wat hulle in aanmerking moet neem wanneer hulle vergoeding vir hul plaaswerkers bepaal. (8)

Kopiereg voorbehou

1.5 Herzberg se teorie van motivering, indien korrek gebruik, kan positief inwerk op die moraal van werkers op die plaas.

1.5.1 Onderskei tussen *motiveerders* en *higiëne faktore* met betrekking tot Herzberg se teorie van motivering. ℘ (2 × 2) (4)

1.5.2 Noem SES motiveerders onder Herzberg se teorie van motivering. (6)

1.5.3 Noem enige VIER higiëne faktore onder Herzberg se teorie van motivering. (4)

[50]

VRAAG 2: GRIEWE- EN DISSIPLINÊRE PROSEDURES

2.1 Maak 'n lys van VYF elemente wat kan verseker dat prosedurele regverdigheid plaasvind. ℘ (5)

2.2 Noem VYF aanvaarbare dissiplinêre optrede wat landbouers in geval van wangedrag teen hul werknemers kan instel. (5)

2.3 Gee die plaasbestuurder raad oor die belangrikheid daarvan om rekord te hou van alle dissiplinêre sake wat by 'n boerderyonderneming plaasvind. (3)

2.4 Verduidelik die term *plaaswerker se reg om te appelleer.* (2)

2.5 Griewe sal altyd in enige landbou-onderneming voorkom, ongeag hoe goed die arbeidsverhoudinge tussen die werkgewer en die werknemers is.

2.5.1 Identifiseer VYF moontlike oorsake van griewe in 'n landbou-onderneming. ℘ (5)

2.5.2 Identifiseer die voordele van 'n grieweprosedure op 'n plaas wat baie griewe ervaar. (6 × 2) (12)

2.5.3 Noem VIER slaggate wat toesighouers in die landbou-onderneming moet vermy wanneer griewe hanteer word. (4)

2.6 Die proses van personeelvermindering in 'n landbou-onderneming kan daartoe lei dat personeel frustreerd raak en uiting aan hul griewe gee met betrekking tot die prosedure want hulle weet nie waarop die prosedure gebaseer is nie. Indien die landbou-onderneming afskaal ('downsize') weens 'n afname in ekonomiese aktiwiteit sal personeelvermindering in die vorm aflegging en oorbodigmaking onvermydelik wees.

2.6.1 Verduidelik die verskil tussen die terme *aflegging* en *oortolligheid* in terme van personeelvermindering. ℘ (2 × 2) (4)

2.6.2 Maak 'n lys, in chronologiese volgorde, wat die plaasbestuurder behoort te volg wanneer personeel verminder word. (5)

2.6.3 Stel enige VYF metodes voor wat gevolg moet word wanneer personeel vir afdanking uitgesonder word. (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 Wanneer 'n plaaswerker jou diens verlaat, is jy as landbouer regtens verplig om 'n dienssertifikaat aan die werker uit te reik.

℘

Maak 'n lys van enige SES items wat op die dienssertifikaat moet verskyn. (6)

3.2 Die Wet op Werkloosheidsversekering is 'n wet op arbeidsverhoudinge wat enige persoon dek wat op 'n plaas in diens is of wat betrokke is by plaasaktiwiteite en tot werkloosheidsversekering bydra. Die Wet op Werkloosheidsversekering het gelei tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF/UIF).

3.2.1 Gee 'n persentasie van die plaaswerkers se maandelikse inkomste wat aan werkloosheidsversekering oorgedra moet word. (1)

3.2.2 Beskryf kortliks die hoofdoel van die Wet op Werkloosheids-versekering (UIF act). ℘ (3)

3.2.3 Noem enige SES soorte werknemers wat vrygestel is van bydraes tot werkloosheidsversekering (WVF/UIF). (6)

3.2.4 Bespreek die voordele wat as lede aan plaaswerkers verskuldig is wanneer hulle van die werkloosheidsversekering eis. (3 × 2) (6)

3.3 Noem die DRIE omstandighede waaronder plaaswerkers van die 'Compensation fund for Occupational Injuries and Diseases' kan eis. (3)

3.4 Verduidelik die aard van die voordele vir elk van die omstandighede wat in VRAAG 3.3 hier bo genoem word. (3)

3.5 Noem die funksies van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers soos vereis deur die Wet op Beroepsgesondheid en veiligheid ('Occupational Health and Safety Act'). ℘ (3)

3.6 'n Dienskontrak tussen 'n landbouer en 'n plaaswerker vorm die grondslag van 'n indiensnemingverhouding soos vereis deur die arbeidsverhouding-sisteem in Suid-Afrika.

3.6.1 Noem enige VIER wette waarop 'n dienskontrak baseer moet word. (4)

3.6.2 Noem die VYF vereistes van 'n geldige kontrak. (5 × 2) (10)

3.6.3 Gee raad aan die landbouer oor die verskillende maniere waarop 'n dienskontrak beëindig kan word nadat al die prosedures soos deur die wet vereis is, gevolg is. ℘ (5)

[50]

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 'n Plaaswerker mag nie meer as … uur per week werk nie. ℘ (1)

4.1.2 Die maksimum aantal oortydure mag nie … uur per dag en … uur per week oorskry nie. (2)

4.1.3 'n Werker moet elke week 'n aaneenlopende periode van ….. uur toegestaan word. ℘ (1)

4.1.4 Ná … uur van werk, moet 'n werker een uur afkry vir ete. (1)

4.2 Definieer die volgende beginsels van die indiensnemingsproses van plaaswerkers.

4.2.1 Seleksie

4.2.2 Plasing ℘

4.2.3 Induksie

(3 × 2) (6)

4.3 Noem die SEWE hooffunksies van vakbonde. (7)

4.4 Definieer die term *vakbondverteenwoordiger ('shop steward').* (2)

4.5 Bespreek die VYF doelwitte van die landbouer tydens 'n staking. ℘ (5 × 2) (10)

4.6 Verduidelik die verskil tussen 'n *beskermde staking* en 'n *onbeskermde staking*. (2 × 2) (4)

4.7 Gee die volledige betekenis van die afkorting KBVA. (3)

4.8 Verduidelik kortliks die hooffunksie van die KBVA wat in VRAAG 4.7 hier bo genoem word. ℘ (3)

4.9 Noem enige VYF voordele wat plaaswerk aan 'n groep potensiële werknemers kan bied. (5)

4.10 Gee riglyne aan 'n landbouer om die behoefte om hulle metodes om arbeid te bekom te herevalueer. (5)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou